DIE DOEL VAN PREDIKANTEVERSORGING

- om die predikant sodanig te ondersteun dat hy/sy sy/haar roeping sal [her]ontdek;
- om die predikante te help om vreugde te ervaar in die uitvoering van sy/haar ampspligte en –verantwoordelikhede;
- om die predikant aan te moedig en te ondersteun in die vervulling van die amp;
- om om te sien na die stoflike en geestelike versorging van die pastorie-gesin;
- om ouderlinge te help met die uitvoering van hulle ampsopdrag om "om te sien na die leer en lewe van die bedienaar van die Woord"
- Dit kan ’n enkeling wees of ’n kommissie, maar nie ’n te groot kommissie nie, hoogstens 2-3 persone

BEPAALDE RIGLYNE AAN PREDIKANTEVERSORGERS OP GEMEENTEVLAK

1. Wat moet die predikantversorger/s doen?

- Die aanmoediging en bemoediging van sy/haar predikant.
- Luister en klankbord vir die predikant wees.
- Erkenning gee, waardering uitspreek en empatie aan predikant toon.
- Eerlike terugvoer van eredienste en prediking gee.
- Predikant help realisties te evalueer/beoordeel wat in die gemeente "gebeur".
- Opbouende kritiek lewer.
- Predikant help met sinvolle beplanning, bepaling van prioriteite en fokus-area’s vir sy/haar bediening.
- Sy/haar predikant aanmoedig om te lees en om te bly studeer.
- Predikante se frustrasies, probleme, behoeftes op ’n sensitiewe wyse aan die kerkraad oordra.
- Vir sy/haar predikant Bybel te lees en te bid.
- ’n Versorger dien as *"back-up system"* vir die predikant.

2. Wie moet predikanteversorger /s wees?

Die predikant-versorger moet:

- iemand wees wat in ’n vertrouensverhouding met die predikant staan;
- iemand wees wat sensitief is;
- iemand wees wat bereid is om te luister;
- iemand wees wat betroubaar is in die hantering van sensitiewe inligting;
- iemand wees wat in staat is om empatie te kan betoon;
- iemand wees wat as skakel tussen die predikant en die kerkraad en die gemeente kan optree;
- iemand wees wat bereid moet wees om vir sy/haar taak toegerus te word;
- Hy/sy is nie die predikant se terapeut nie;
- Hy/sy moet nie die predikant in alles napraat nie;
- Hy/sy moet nie net die predikant se belange dien nie, maar dié van die Koninkryk;
- Hy/sy moet liefs nie lid van die diensverhoudingkommissie wees nie.